

KONINKRYK.

LES 15

1 GEBED

Bid vir die leiding van God se Gees, vir bewuswording van sy teenwoordigheid en vir die luister na sy stem. Wy hierdie les oor dissipelmaking aan die Here toe.

2 UITWISSELING (20 minute) [STILTETYE] 2 KRONIEKE 16, 18, 20 en 26

Maak beurte en vertel/deel (of lees)kortliks wat jy in een van jou stiltetye uit die aangewese Bybelgedeeltes geleer het (2 Kronieke 16, 18, 20 en 26). Luister na die persoon wat deel, neem hom ernstig op en aanvaar hom. Moenie verder ingaan op wat hy deel nie.

3 MEMORISERING (5 minute) [DIE CHRISTELIKE GEMEENTE] (3) EFESIËRS 4:12-13

Herhaal twee aan twee

(3) Die bedienings van die Gemeente. Efesiërs 4:12-13. “Sy doel daarmee was om die gelowiges toe te rus vir hulle diens en vir die opbou van die liggaam van Christus. So sal ons uiteindelik almal kom tot die werklike eenheid in ons geloof en in ons kennis van die Seun van God. Dan sal ons, sy kerk, soos ’n volgroeiende mens wees, so volmaak en volwasse soos Christus.”

4 ONDERRIG (85 minute) [DIE GELYKENISSE VAN JESUS] DIE TWE SEUNS EN DIE ONVRUGBARE VYEBOOM

“Die gelykenis van die twee seuns” in Matteus 21:28-32 en “die gelykenis van die onvrugbare vyboom” in Lukas 13:1-9 is gelykenisse oor **DIE VERANTWOORDELIKHEID VIR INGAAN IN DIE KONINKRYK VAN GOD.**

“’n Gelykenis” is ’n aardse verhaal met ’n hemelse betekenis. Dit is ’n lewensgetroue verhaal of ’n illustrasie wat ontwerp is om ’n geestelike waarheid te leer. Jesus het gebruik gemaak van die gewone dinge en alledaagse gebeurtenisse om lig te werp op die geheimenisse van die Koninkryk van God en om mense te konfronteer met die werklikhede van hul situasie en die noodsaak van hul verandering.

Ons bestudeer hierdie gelykenis m.b.v. die ses riglyne vir die uitleg van gelykenisse (Sien handleiding 9, supplement 1).

A. DIE GELYKENIS VAN DIE TWE SEUNS

Lees Matteus 21:28-32.

1. Verstaan eers die natuurlike verhaal van die gelykenis.

Inleiding. Die gelykenis word in figuurlike taal vertel en die geestelike betekenis van die gelykenis word hierop gebaseer. Daarom bestudeer ons eers die woorde en die kulturele en historiese feite van die agtergrond van die verhaal.

Besprek. Wat is die lewensgetroue elemente van die verhaal?

Aantekeninge.

Die treurige ervaring in families met opgroeiende kinders is wanneer ’n kind nie meer gewillig is om die versoek van sy ouers uit te voer nie. Maar daar is blydskap wanneer die kind spyt is oor sy gedrag en weer gaan doen wat sy ouers van hom vra.

2. Bestudeer die verband en bepaal die elemente van die gelykenis.

Inleiding. Die verband van die “verhaal” van die gelykenis kan bestaan uit “die agtergrond” en “die uitleg of toepassing” van die gelykenis. Die agtergrond van die gelykenis verwys na die *aanleiding* (rede) om die verhaal te vertel, of beskryf die *omstandighede* toe die verhaal vertel is. Die aanleiding word gewoonlik *vóór die verhaal* gevind en die uitleg of toepassing word gewoonlik *ná die verhaal* gevind.

Ontdek en besprek. Wat is die aanleiding, die verhaal en die uitleg of toepassing van hierdie gelykenis?

Aantekeninge.

(1) Die aanleiding van die gelykenis hou verband met Matteus 21:23-27.

Die owerpriesters en oudstes van Israel betwis die aanspraak van Jesus dat Hy gesag het om die tempel te reinig en om in die tempel mense te genees en te onderrig. In sy antwoord aan hulle het Jesus gevra van wie Johannes die Doper gesag gekry het om met water te doop – van die hemel (God) of van mense? Maar hulle was nie van plan om hulleself of hulle antwoord bloot te stel nie. Hul stilswye was skynheilig. Hulle het gemaak asof hulle nie weet nie, maar in werklikheid het hulle Johannes die Doper verwerp.

(2) Die verhaal van die gelykenis staan in Matteus 21:28-30.

(3) Die uitleg of toepassing van die gelykenis staan in Matteus 21:31-32.

3. Bepaal watter besonderhede in die gelykenis relevant is.

Inleiding. Jesus het nie bedoel dat elke besonderheid (detail) in 'n gelykenis noodsaaklik 'n geestelike betekenis moet hê nie! Gelykenisse is nie allegorieë nie. Die relevante besonderhede in die verhaal van 'n gelykenis versterk die sentrale gedagte, die hooftema of die les van die gelykenis. Daarom moet ons nie aan elke besonderheid van die verhaal van 'n gelykenis 'n geestelike betekenis toeskryf nie!

Ontdek en bespreek. Watter details in hierdie gelykenis (verhaal) is werklik essensieel of relevant?

Aantekeninge.

Die wingerd. Omdat die gelykenis nie praat oor “my wingerd” nie, moet die wingerd nie as “die volk van Israel” (God se wingerd) uitgelê word nie. Hierdie detail het geen besondere betekenis nie en is nie relevant nie.

Die eerste seun. Hy verteenwoordig elke mens wat hom bekeer en glo nadat hy aanvanklik ongelowig en ongehoorsaam was. Hierdie detail is relevant.

Die tweede seun. Hy verteenwoordig elke mens wat maak asof hy glo en gehoorsaam is, maar in werklikheid ongelowig en ongehoorsaam is. Hierdie detail is relevant.

4. Bepaal die belangrike boodskap van die gelykenis.

Inleiding. Die belangrike boodskap (die sentrale boodskap of die hooftema) van die gelykenis word gevind in die uitleg of toepassing van die gelykenis of in die verhaal van die gelykenis self. Uit hoe Jesus self sy gelykenisse uitlê of toepas, weet ons hoe ons gelykenisse moet uitlê. 'n *Gelykenis het meesal maar één hooftema, één belangrike boodskap, één sentrale les.* Daarom moet ons nie probeer om 'n geestelike waarheid in elke besonderheid van die verhaal van die gelykenis te vind nie. Dus, bepaal die belangrike boodskap van 'n gelykenis.

Bespreek. Wat is die belangrike boodskap van hierdie gelykenis?

Aantekeninge.

Die gelykenis van die twee seuns in Matteus 21:28-32 is 'n gelykenis oor “die verantwoordelikheid vir ingaan in die Koninkryk van God.”

Die belangrike boodskap van die gelykenis is die volgende: “Ongeag die feit of 'n mens vroeër 'n ongelowige, 'n tollenaar of 'n prostituut was, bly elke mens persoonlik verantwoordelik om in te gaan in die Koninkryk van God. Hy is persoonlik verantwoordelik om hom van sy vorige lewe van ongehoorsaamheid te bekeer en vervolgens die wil van God te doen.”

Iemand wat maak asof die wil van God doen, maar in werklikheid nie doen nie, is skynheilig. Sulke mense is soos die saad wat op rotsagtige bodem val en vinnig verdor, of soos 'n man sonder 'n bruilofskleed tydens die bruilof en daarom in die buitenste duisternis gegooi word.

Persoonlike verantwoordelikheid is één van die fundamentele kenmerke van God se Koninkryk. Ongeag of iemand voorheen ongelowig was of getwyfel het, ongehoorsaam en krities was, of groot en klein sondes begaan het, die ware burgers van God se Koninkryk het hulle bekeer en doen nou die wil van God!

5. Vergelyk die gelykenis met vergelykbare Bybelgedeeltes.

Inleiding. Sommige gelykenisse het ooreenkomste en kan met mekaar vergelyk word. Maar die waarheid in alle gelykenisse het vergelykbare waarhede wat in andere Bybelgedeeltes geleer word. Probeer om die belangrikste verwysings in die Bybel te vind wat jou help om die gelykenis uit te lê. Vergelyk altyd die uitleg van 'n gelykenis met die direkte en duidelike onderrig van die Bybel.

Ontdek en bespreek. Hoe vergelyk die volgende Bybelgedeeltes met wat hierdie gelykenis leer?

Aantekeninge.

1 Samuel 15:22-23. Koning Saul het die bevel van God alleen maar half uitgevoer. Hy het sy vyande wel doodgemaak, maar hul besittinge nie vernietig nie. In plaas daarvan het hy hom gestort op plundering en het hy die koning van Amalek gespaar. Die profeet Samuel het toe teen hom gesê dat “gehoorsaamheid is beter dan offerande, ... weerspanning is net so erg as die sonde van waarsêery; eiesinnigheid net so erg as die bedrog van afgodery.” Omdat

koning Saul God se Woord verwerp het, het God koning Saul verwerp. Dit is 'n ernstige waarskuwing teen mense in 'n posisie van leierskap wat god se wil nie uitvoer nie of maar half uitvoer.

Matteus 7:21-27; 23:1-4. Bepaalde mense bely met hul mond dat hulle in God glo en hulle doen ding wat hulle dink dat dit God behaag. Maar hulle doen nie die duidelik geopenbaarde wil van God (in die Bybel) nie! Hulle hoor oor die wil van God en ken miskien die wil van God, maar doen nie die wil van God nie. Dit is 'n ernstige waarskuwing teen mense wat baie kennis van die Bybel het, maar nie daarvolgens lewe nie.

Johannes 15:14; Handeling 5:29. Alle mense wat die wil van die Here Jesus Christus doen, word sy vriende genoem en ontvang die heilige gees. Bo alles is die wil van God dat 'n mens hom bekeer en Jesus Christus as sy verlosser en Heer bely (sien Johannes 3:16,36; 6:29).

6. Maak 'n samevatting van die belangrikste leerstellings in hierdie gelykenis.

Bespreek. Wat is die belangrikste waarhede of boodskappe (lesse) van hierdie gelykenis? Wat leer Jesus Christus aan ons om te *weet*, te *glo*, te *wees* en te *doen*?

Aantekeninge.

(1) Wat regtig nodig is, is om die wil van God te doen.

Die tollenaars was deur die Jode verag, veral deur die Joodse godsdienstige en politieke leiers, omdat hulle hebsugtig was, afpersing gebruik het om geld te kry, en omdat hulle met die vyand, die Romeinse onderdrukker, geheul het. Die tollenaars en die hoere was bekend as die grootste sondebaars in Israel. As hulle hul skaamtelose sondige lewens sou voortsit, dan sou hulle ongetwyfeld nie in aanmerking vir die Koninkryk van God gekom het nie (1 Korintiërs 6:9-10; Openbaring 21:8,27). Menslik gesproke het sulke mense geen hoop of verwagting gehad om in die Koninkryk van God in te gaan nie.

Maar toe hulle die prediking van Johannes die Doper gehoor het, het hulle hul bekeer. Hulle was diep onder die indruk van sy "weg van geregtigheid", d.w.s., van die voorbeeld van sy regverdige gedrag aan die een kant en van sy prediking oor die geregtigheid aan die ander kant (sien Lukas 3:8-14). Hy het geëis dat mense hulle moes bekeer en vergewing vir hulle sondes moes ontvang. Die tollenaars en die hoere het hulle van hulle sondes bekeer en het in groot getalle in Jesus Christus geglo (1 Korintiërs 6:11). Die bekering en geloof van die tollenaars en hoere was eers iets wat God regtig behaag het (Lukas 5:30-31; 19:10).

(2) Voorgee dat jy God se wil doen is huigelagtig.

Die godsdienstige leiers van die Jode was veronderstel om die wet van God goed te ken en hulle het hulle uiterlik voor die oë van mense gedra asof hulle altyd bereid was om die wil van God te doen. Maar in werklikheid het hulle alleen maar gemaak asof hulle God gehoorsaam. Hulle het God se boodskapper, Johannes die Doper, verwerp en later ook Jesus Christus en sy boodskap verwerp. Hulle het selfs planne gemaak om hom dood te maak.

(3) Bekering na aanvanklike ongeloof en ongehoorsaamheid is die belangrike boodskap van hierdie gelykenis.

Ongeag of jy aanvanklik 'n baie groot sondebaars was en vreeslike dinge gedoen het, wanneer jy jou bekeer tot Jesus Christus en in Hom glo, sal jy vergewing van al jou sondes ontvang. Bekeer jou (d.w.s., verander jou denke), maak 'n regsomkeer en glo in Hom. jy sal vergewing ontvang en jy sal gered (verlos) word (Jesaja 1:18; 55:7; Miga 7:18-19; Lukas 23:40-43)!

B. DIE GELYKENIS VAN DIE ONVRUGBARE VYEBOOM

Lees Lukas 13:1-9.

1. Verstaan eers die natuurlike verhaal van die gelykenis.

Bespreek. Wat is die lewensgetroue elemente van die verhaal?

Aantekeninge. Meestal duur dit 'n lang tyd voordat 'n vyboom vrugte dra. Hierdie vyboom het in die wingerd van 'n eienaar gestaan. Dit was nie ongewoon nie, omdat die boom op hierdie manier die beste versorging gekry het. Toe die tyd gekom het dat die eienaar vrugte aan die boom verwag het, het hy vrugte aan die boom gesoek. Dis nie maklik om vrugte in 'n vyboom te vind nie, omdat die boom baie blare het wat die vrugte vir die oog verberg. 'n Mens moet met sy hande die blare bly wegstoot om vrugte te vind.

Drie jaar lank het die eienaar geen vrugte aan die vyboom gevind nie. Daarom het hy opdrag gegee dat die vyboom uitgekop moes word. Hy wou nie meer water en minerale aan die boom vermors nie.

Maar die tuinier het gevra om die vyboom nog één jaar kans te gee. Hy sou die grond rondom die vyboom omspit en bemes.

Doelbewus vertel Jesus nie of die boom later wel of nie vrugte gedra het nie. Hierdie antwoord laat Jesus oor aan die toehoorders (en nou: lesers). Jesus wil dat elke mens sy eie les uit die gelykenis trek.

2. Bestudeer die verband en bepaal die elemente van die gelykenis.

Ontdek en bespreek. Wat is die aanleiding, die verhaal en die uitleg of toepassing van hierdie gelykenis?
Aantekeninge.

(1) Die aanleiding van die gelykenis staan in Lukas 13:1-5.

Terwyl die belangrikste boodskap in die verband is: “Bekeer jou!” is die belangrikste boodskap in hierdie gelykenis, “Bekeer jou NOU!” In Lukas 13:2-3 sê Jesus, “Dink julle dat hierdie Galileërs groter sondaars was as al die ander Galileërs omdat dit met hulle gebeur het? Nee, sê Ek vir julle, maar as julle julle nie bekeer nie, sal julle net so omkom!”

(2) Die verhaal van die gelykenis staan in Lukas 13:5-9.

(3) Die uitleg of toepassing van die gelykenis word nie gegee nie, maar word in die verband geïmpliseer.

3. Bepaal watter besonderhede in die gelykenis relevant is.

Ontdek en bespreek. Watter details in hierdie gelykenis (verhaal) is werklik essensieel of relevant?
Lees Matteus 21:18-22,42-44; Lukas 20:15-16; 21:20-24.

Ontdek en bespreek. Watter details in hierdie gelykenis (verhaal) is werklik essensieel of relevant?
Aantekeninge.

Hierdie gelykenis as 'n allegorie uitgelê. Soms wil Christene aan elke detail in 'n gelykenis 'n besondere betekenis gee. Dan lê hulle die gelykenis uit as 'n allegorie. Byvoorbeeld, Gregorius die Grote (540-604) lê hierdie gelykenis as volg uit: “Die eienaar” is God. Hy het drie keer gekom om vrugte aan die boom te soek. “Die eerste keer” het God gekom voordat die geskrewe Wet gekom het. Toe het God aan die mens die vermoë gegee om sy gedrag (handeling) teenoor sy naaste te beoordeel in die lig van sy eie natuurlike rede. “Die tweede keer” het God gekom toe die geskrewe Wet gegee is. Toe het God sy gebooi aan die mens geleer. “Die derde keer” het God gekom deur middel van genade. Toe het God aan die mens genade bewys. “Die tuinier” verteenwoordig die leiers in die Gemeente (Kerk). “Die grond rondom omspit” verteenwoordig die teregwyding van siele wat nie vrug dra nie. “Bemes” verteenwoordig die onthouding (en belydenis) van sondes. Mense wat weier om boete vir sy sondes te doen kom in gevaar om omgekap te word.

Hierdie allegoriese uitleg kan nie uit die verband afgelei word nie en moet dus verwerp word.

Die vyeboom. Één uitlegger sê dat “die vyeboom in die wingerd” Jerusalem in die land van Israel verteenwoordig. Maar omdat Jesus die onvrugbare vyeboom in Matteus 21 vervloek, is die vyeboom in die wingerd waarskynlik 'n simbool vir die hoogs bevoorregte volk van Israel in die wêreld. Jesus leer dat Israel as 'n volk hul nie tot Hom bekeer het nie. “Hy het na sy eiendom toe gekom, en tog het sy eie mense Hom nie aangeneem nis” (Johannes 1:11). Dit het gelei tot die einde van Israel as 'n godsdienstige en politieke entiteit en die einde van die betekenis van natuurlike Israel as 'n volk in die heilsgeskiedenis! Die Koninkryk van God word van hulle weggehaal en aan 'n ander groep mense gegee wat die vrugte van die Koninkryk sou dra (Matteus 8:11-12; Matteus 21:41-43; vgl. Romeine 11:17-24). Jerusalem en die tempel is in 70 n.C. deur die Romeine vernietig sodat Israel daadwerklik opgehou het om as 'n volk te bestaan. Dit beteken egter nie dat God alle Jode verwerp het nie! “God se volk” bestaan nou uit alle Christene vanuit die natuurlike volk van Israel en vanuit alle natuurlike heidense volke in die wêreld. (sien 1 Petrus 2:9-10).

Die periode van drie jaar. Hierdie periode word verskillend uitgelê: Volgens verskillende uitleggers verteenwoordig die drie jaar:

- die hele loop van die geskiedenis van die volk van Israel
- die periode waarin Jesus Christus sy openbare bediening voltrek het
- die periode wat met Johannes die Doper begin

Maar daar is geen bewys in die Bybel dat ons hierdie drie jaar 'n simboliese betekenis moet gee nie. Dit is dus geen relevante detail nie.

Maar die feit dat die eienaar die onvrugbare vyeboom nie onmiddellik afgekap het nie, wys op die enorme liefde en geduld van God met mense, en in hierdie verband: veral met die volk van Israel gedurende die Ou-Testamentiese periode.

Die grootmoedige tuinier. Dit is 'n relevante detail. Hy verteenwoordig God wat geduldig omgegaan het met die volk van Israel. God se groot liefde en geduld teenoor Jode en nie-Jode is nog steeds 'n feit vandag (sien Lukas 4:18-21; 2 Petrus 3:9).

4. Bepaal die belangrike boodskap van die gelykenis.

Bespreek. Wat is die belangrike boodskap van hierdie gelykenis?
Aantekeninge.

Die gelykenis van die onvrugbare vyeboom in Lukas 13:1-9 is 'n gelykenis oor “die verantwoordelikheid om in te gaan in die Koninkryk van God.”

Die belangrike boodskap van hierdie gelykenis is die volgende. “Elke mens moet hom onmiddellik bekeer en sonder uitstel tot Christus keer tensy hy die risiko wil loop om vir ewig verlore te gaan!”

Persoonlike verantwoordelikheid is één van die fundamentele kenmerke van die Koninkryk van God. Die ware burgers van God se Koninkryk stel belangrike beslissinge nie uit nie. Hulle bekeer hulle, keer onmiddellik terug na Jesus Christus, omdat hulle geen risiko wil loop om vir ewig verlore te gaan nie.

5. Vergelyk die gelykenis met vergelykbare Bybelgedeeltes.

Ontdek en bespreek. Hoe vergelyk die volgende Bybelgedeeltes met wat hierdie gelykenis leer?
Aantekeninge.

(1) Jesaja 55:6-7.

Daar staan geskrywe, “Vra na die wil van die Here terwyl Hy nog te vinde is, roep Hom aan terwyl hy nog naby is. Die goddelose moet sy verkeerde pad laat staan, die slegte mens sy slegte planne. Hy moet Hom tot die Here bekeer, dan sal Hy hom genadig wees; Hy moet hom tot ons God bekeer, hy vergewe altyd weer.” Elke mens is verantwoordelik vir sy reaksie (respons) tot Jesus Christus. Hy is verantwoordelik om God te soek, terwyl Hy te vinde is. Hy is verantwoordelik om NOU te handel, VANDAG, en nie hierdie belangrike besluit in sy lewe uit te stel nie totdat dit te laat is om nog te verander!

(2) 2 Korintiërs 6:2.

Daar staan geskrywe, “Op die regte tyd het Ek jou gebede verhoor, en op die dag van redding het Ek jou gehelp. Kyk, NOU is dit die regte tyd, NOU is dit die dag van redding (verlossing)!”

6. Maak 'n samevatting van die belangrikste leerstellings in hierdie gelykenis.

Bespreek. Wat is die belangrikste waarhede of boodskappe (lesse) van hierdie gelykenis? Wat leer Jesus Christus aan ons om te *weet*, te *glo*, te *wees* en te *doen*?

Aantekeninge. Die belangrike boodskap of les van hierdie gelykenis is om sonder uitstel tot Jesus Christus te keer. Alhoewel God baie geduldig is met sy volk, sal sy geduld nie vir ewig voortduur nie! Op 'n dag – en niemand weet wanneer daardie dag aanbreek nie – sal die kans om jou te bekeer en gered te word verby wees. Die mens wat die hele tyd bly uitstel “sal in sy sonde sterf” (Johannes 8:24) en vir ewig verlore gaan (sien die lafhartige en die ongelowige in Openbaring 21:8). Daarom, moet jy nie uitstel nie! Neem VANDAG die Here Jesus Christus aan as jou verlosser en Here!

C. 'N SAMEVATTING VAN DIE BELANGRIKSTE ONDERWYS OF LESSE VAN DIE GELYKENISSE OOR DIE VERANTWOORDELIKHEID OM IN TE GAAN IN DIE KONINKRYK VAN GOD

Onderrig. Die verantwoordelikheid om in te gaan in God se Koninkryk is 'n persoonlike verantwoordelikheid vir elke mens. op die aarde. Geen mens kan hierdie verantwoordelikheid van 'n ander mens oorneem nie. Niemand kan vir 'n ander die besluit neem om hom te bekeer en in Jesus Christus te glo nie. Niemand kan vir 'n ander die skuld gee vir die gevolge van sy eie besluit. God sal elke mens verantwoordelik hou vir sy eie besluit. Daarom leer hierdie gelykenisse die groot verantwoordelikheid van elke mens met betrekking tot die ingaan in God se Koninkryk.:

(1) Die gelykenis van die kinders wat op die mark sit (Matteus 11:16-19).

Elke mens bly verantwoordelik as hy nie reageer op God nie. Onverantwoordelik en inkonsekwent gedrag is kinderagtig! Mense (en seker ook Christene) moet hul kinderagtige gedrag stop en verantwoordelikheid neem vir hul woorde en hul dade.

(2) Die gelykenis van die tekens van die weer (Matteus 16:1-4).

Elke mens bly verantwoordelik as hy nie reageer op God se tekens van die tye. In plaas van al maar te kyk na die tekens van die weer, moet mense (en seker Christene) let op die besondere tekens wat wys op die begin van die nuwe era in God se heilsgeskiedenis. Die groot gebeurtenisse rondom Jesus Christus, veral sy dood en sy opstanding, is sulke groot tekens dat alle mense op die aarde moet reageer.

(3) Die gelykenis van die twee seuns (Matteus 21:28-32).

Elke mens bly verantwoordelik as hy nie reageer op God se geopenbaarde (uitgesproke) wil nie. Ondanks hul aanvanklike ongeloof en ongehoorsaamheid, moet mense (en seker ook Christene) hul bekeer en die wil van God doen.

(4) Die gelykenis van die verdorde vyeboom (Lukas 13:1-9).

Elke mens bly verantwoordelik as hy nie reageer op God se geduldige werk in sy lewe nie. Gesien die tyd wat al verby gegaan het, moet mense (en seker ook Christene) hul bekeer en vrug gaan dra in hul lewe, omdat God se geduld 'n

grens het en nie vir ewig sal voortduur nie! Daar kom 'n tyd wanneer dit te laat is om hom te bekeer, gered te word of vrug te dra (Openbaring 6:12-17).

(5) Die gelykenis van die visnet (Matteus 13:47-50).

Elk mens bly verantwoordelik om te weet dat God se laaste oordeel absoluut seker gaan kom en nie herroep sal word nie. Die feit sou elke mens moet aanspoor om hom te bekeer en die Koninkryk van God in te gaan!

5	GEBED (8 minute)	[REAKSIES] GEBED IN ANTWOORD OP GOD SE WOORD
----------	-------------------------	---

Bid saam met mekaar as antwoord op wat God gesê het. Laat elkeen in die kring om die beurt kort (in één of twee sinne) bid en teenoor God reageer op wat hy in hierdie byeenkoms van Hom geleer het.

6	VOORBEREIDING (2 minute)	[OPDRAGTE] VIR DIE VOLGENDE BYEENKOMS
----------	---------------------------------	--

Deel die voorbereiding vir die volgende keer op 'n stukkie papier uit of laat die groeplede dit neerskryf.

1. Toewyding. Wy jou steeds daaraan toe om dissipels te maak, die gemeente van Jesus Christus op te bou en die koningskap van Jesus Christus te verkondig.
2. Verkondig, onderrig of bestudeer die gelykenis van “die twee seuns” en die gelykenis van 'n klein groepie mense.
3. Persoonlike tyd met God. Hou stiltetyd met God uit ongeveer 'n halwe hoofstuk per keer uit **2 Kronieke 32, 33, 34 en 36**. Maak gebruik van die verkose Bybelvers of die gunstelingwaarheid metode en maak kort aantekeninge.
4. Memoriserings. **(4) “Die take van die leiers in die Gemeente”. Handeling 20:28**. Herhaal elke dag die laaste vyf Bybelverse wat jy uit jou kop geleer het.
5. Bybelstudie. Berei die volgende Bybelstudie tuis voor. **Romeine 4:17b-25**. Maak gebruik van die vyf stappe-metode en maak kort aantekeninge.
6. Gebed. Bid vir iemand of iets spesifiek en sien met verwagting uit na wat God doen (Psalm 5:4).
7. Hou jou aantekeninge op datum. Sluit jou aantekeninge oor stiltetyd, memorisering, jou Bybelstudie en hierdie opdrag in.